Vinkie

Laerskool Fairland

Marketstraat 145, Fairland | 011 678-4591/2 | www.lsfairland.co.za | Jaargang 22 nr 31 | 29 Oktober 2015

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Algemene Ouervergadering

Baie dankie aan al die ouers wat dié belangrike vergadering bygewoon het.

Atletiek

Baie dankie aan elke personeellid, atleet en ouer wat die byeenkoms bygewoon en ondersteun het.

Personalia

Adele Ekron se seun, Matthew, het die afgelope naweek verloof geraak aan Tarryn Brady. Baie geluk!

Eindeksamen

Ons glo dat elke leerder reeds hard besig is om te studeer vir die eindeksamen. Let goed op tydens lesaanbieding. Gebruik 'n rooster om jou studies te beplan.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende personeel wat in die komende week verjaar :

Willie Goosen - 5 November

Yolin van Staden - 9 November

Ons glo en vertrou dat jul nuwe lewensjaar sommer baie voorspoedig en geseënd sal wees.

BELANGRIKE DATUMS

KULTUUR		SPORT		ALGEMEEN	
11 Nov.	Koorafsluiting	30 Okt.	Swemgala: Montrose	9 Nov.	Prysuitdeling: Sport- en Kultuur (Gr. 4 – gr. 6-leerders)
		03 Nov.	Atletiek: Aflosbyeenkoms - H/s Randburg	10 Nov.	Prysuitdeling: Gr. 7-leerders
		06 Nov.	Swemgala: TrinityHouse Little Falls	13 – 30 Nov.	Eksamen vir gr. 4- tot gr. 7-leerders

VAN DIE BEHEERLIGGAAM

SKOOLGELD 2016

Die skoolgeld vir 2016 is tydens die Algemene Ouervergadering op die volgende vasgestel:

Gr. R: R17 400.00

Gr. 1 tot gr. 7: R16 250.00

Inskrywingsboeke 2016

Die inskrywingsboeke sal eers later in November beskikbaar wees.

WERKERSKOSPAKKIES

Ons doen 'n vriendelike beroep op al die gr. R- tot gr. 6-ouers om ons behulpsaam te wees met die werkerskospakkies. Voorraad kan vanaf 26 Oktober tot 13 November by die registeronderwyser ingehandig word.

Dit is ons manier om ook van die leerders se kant af vir die werkers dankie te sê.

Vir verdere navrae kan Maritza Rothmann (beheerliggaam) gekontak word op 082 563-6995.

Gr. R/07:	11 Oros	Gr. R/08:	250g koffie
Gr. R/09:	2 kg rys	Gr. R/10:	2.5 kg mieliemeel
Gr. R/11:	2.5 kg suiker	Gr. R/11A:	1 blik konfyt
Gr. 1/18:	2 blikke "bully beef"	Gr. 1/22:	2 blikkies vis
Gr. 1/24:	2 blikkies gemengde groente	Gr. 1/25:	4 pakkies jelliepoeier
Gr. 1/26:	1 boks tee (100 sakkies)	Gr. 1/27:	2 pakkies Koekies
Gr. 2/14:	3 pakkies soppoeier	Gr. 2/15:	2 koekies lyfseep
Gr. 2/16:	2 boksies soja maalvleis	Gr. 2/17:	1 klein grondboontjiebotter
Gr. 2/21:	1 l kookolie	Gr. 2/23:	1 boks melkpoeier
Gr. 3/12:	11 Oros	Gr. 3/13:	250g koffie
Gr. 3/28:	2 kg rys	Gr. 3/29:	2.5 kg mieliemeel
Gr. 3/45:	2.5 kg suiker	Gr. 3/46:	1 blik konfyt
Gr. 4/47:	2 blikke "bully beef"	Gr. 4/48:	2 blikkies vis
Gr. 4/49:	2 blikkies gemengde groente	Gr. 4/50:	4 pakkies jelliepoeier
Gr. 4/51:	1 boks tee (100 sakkies)	Gr. 4/52:	2 pakkies Koekies
Gr. 5/02:	3 pakkies soppoeier	Gr. 5/03:	1 pakkie lekkers
Gr. 5/05:	1 pakkie lekkers	Gr. 5/39:	2 koekies lyfseep
Gr. 5/41:	2 boksies soja maalvleis	Gr. 5/43:	1 pakkie lekkers
Gr. 6/04:	1 klein grondboontjiebotter	Gr. 6/32:	1 l kookolie
Gr. 6/34:	1 boks melkpoeier	Gr. 6/37:	11 Ultramel vla
Gr. 6/40:	1 pakkie lekkers	Gr. 6/44:	11 Ultramel vla

DANKIESê-TEE

Dit is daardie tyd van die jaar waar ons vir al die mammas wat ons so getrou gehelp het deur die jaar, wil dankie sê. Ons nooi hiermee elke klasmamma, elke mamma wat gehelp het by koekverkopings, sportgeleenthede, fondsinsamelings, Verekas en enige ander hulp wat verleen is aan die skool deur die jaar, uit om die oggend van 6 November om 08:00 saam met ons by die lapa te kuier.

RSVP teen 28 Oktober by Maritza Rothmann op 082 563-6995.

REDAKSIE

Ek het 'n broertjie dood aan een van ons moderne samelewing se gunsteling mantras. Ons is met die koms van Facebook, WhatsApp en vele ander applikasies daagliks blootgestel aan elke bog wat dink hy het die antwoord op jou probleme, sy wyshede, versies en voorspooksels oor wat vir jou voorlê. Dis asof die mense dink dat jy oor alles beheer het as jy net die reseppie volg. Op die manier word ons gebreinspoel om te dink dat die dinge wat oor jou pad kom afwendbaar was en voel jy amper skuldig as dinge nie uitwerk nie. Dalk het jy iets verkeerd gedoen, of nie genoeg daarvan gedoen nie, of dalk eet jy gluten, of glo jy nie aan Banting nie, of skree jy vir die Sharks. "Dink net positief," seg hulle "en alles sal regkom!"

Wat 'n klomp twak! Elke regdenkende mens weet dat jy die werk moet insit, dat jy alles na die beste van jou vermoë moet doen en dat jy die balans moet handhaaf. En ten spyte daarvan, gebeur goed soms teen jou verwagtinge in. 'n Mens noem dit die LEWE. Soos die siniese ou eenkeer gesê het: "Life is tough and then you die." Maar as dit dan so eenvoudig is, hoekom stoei so baie van ons om die beste te wees, die slimste, die rykste, die maerste, die gaafste, die gelowigste, die gelukkigste of die eerste in alles? Want net dalk, is dit ons oerinstink vir oorlewing wat inskop? Dalk word ons so geboelie deur 'n onverdraagsame en mededingende samelewing, dat ons vergeet om net te leef, om die rit te geniet.

Ek wil vandag 'n idee by jou los:

Elkeen van ons is die beste in iets. Ons laat net toe dat mense ons meet aan kriteria wat húlle uitgedink het. Wat hulle beweegredes is, is nie altyd duidelik nie, maar dit het dikwels te doene met hul eie gevoel van ontoereikenheid. Wys vir die wêreld wie die beste JY is. Dalk word juis dit die nuwe kriterium om na te streef. Kan jy jou dit voorstel?

Wees ONOORTREFLIK, OORSPRONKLIK en ONGELOOFLIK. Dit is in jou geweef deur die Groot Skepper van alles.

Liefde vir julle elkeen

Erika

AKADEMIE

EKSAMENROOSTER 2015 - KWARTAAL 4

DAG	DAT.	GR. 4	GR. 5	GR. 6	GR. 7
Ma.	16/11				EBW
Di.	17/11	Eng.	Eng.	LV	LO
Wo.	18/11				
Do.	19/11	Afr.	Afr.	Afr.	Eng.
Vr.	20/11				Wisk.
Ma.	23/11	SW	SW	SW	Afr.
Di.	24/11				SK
Wo.	25/11	NW	NW	NW	Tegn.
Do.	26/11				
Vr.	27/11	Wisk.	Wisk.	Wisk.	NW
Ma.	30/11	LV	LV	Eng.	SW

Eksamenreëlings, asook afbakenings, is reeds aan leerders uitgedeel. Ouers kan hierdie inligting op die School Communicator kry.

KULTUUR

Seniorkoor

Oudisies vind steeds plaas volgende week. Die kinders wie se oudisies suksesvol was, sal hierdie week per brief in kennis gestel word. Almal wat gekies is vir die seniorkoor vir 2016 moet almal asseblief die oefening op 3 November bywoon. Dit is belangrik om darem een keer saam te sing voor die jaar verby is. Indien jy nie nou geslaagd was nie, is jy welkom om weer in Januarie te kom vir oudisies.

Belangrike datums

11 November – Koorafsluiting

Datums 2016

Maak solank 'n aantekening in jou 2016 dagboek!

6 Februarie - Werkswinkel

26 -28 Februarie - Koorkamp

Juniorkoor

Die Juniorkoor se afsluiting is Donderdagmiddag 5 November op die rugbyveld.Vanaf 14:00-15:30. Kom in gemaklike klere en bring sonbrandroom saam.

NEA Young Performer Awards

Gr.	Naam en van	Sertifikaat	Toekenning
3	Suné van Heerden Annika Dirker René Naudé Mila Viljoen	"Street dance quintet"	Goud
5	Elijah Flockhart	Visuele kuns: verf	Diploma
		Visuele kuns: gemengde media	Diploma
		Visuele kuns: teken	Diploma

5	Zoë le Grange	Visuele kuns: verf	Diploma
		Visuele kuns: teken	Diploma
5	Caitlyn Rothman	English narrative poetry	Diploma
		Afrikaans verhalende poësie	Diploma
		English unprepared reading	Diploma
5	Marcel Steyn	Afrikaans poësie –ensemble	Diploma
6	Michél Croucamp	Spaanse danssolo	Diploma
		Spaanse danssolo	Diploma
		Sangsolo (popmusiek)	Diploma
		Sangsolo (motion pictures)	Diploma
		Sangsolo (eie keuse)	Goud
6	Sancia Engelbrecht	Danssolo: lofprysing	Diploma
		Kontemporêre/liriese kwartet	Diploma
		Kontemporêre/liriese solo	Diploma
		Ballet: klassieke duet	Diploma
		Ballet: klassieke solo	Diploma
6	Layla Flockhart	Visuele kuns: verf	Diploma
		Visuele kuns: gemengde media	Diploma
		Visuele kuns: teken	Goud
6	Inez Terblanche	Visuele kuns: teken	Diploma
		Visuele kuns: verf	Diploma
7	Dané Taljaard	Afrikaans voorbereide Storievertelling	Diploma
		Afrikaans Poësie-ensemble	Diploma

RADIKALE REDENAARS

Baie geluk aan Marné de Wet, Michél Croucamp, Michelle Steenekamp en Pieter le Roux wat deurdring na die nasionale rondte van die Radikale Redenaarskompetisie wat die naweek (30 en 31 Oktober) plaasvind. Sterkte aan julle almal!

Besoek asb. die webtuiste van die Radikale Redenaars (www.radikaleredenaar.co.za) vir die finale program.

Erika Joubert

SPORT

KRIEKET

1ste span wen met 7 paaltjies teen Fontainebleau
2de span wen met 30 lopies teen Fontainebleau
o/9A wen met 9 paaltjies teen Dalmondeor
o/11A vs Dalmondeor
Fairland 234 vir 3
Dalmondeor 65 almal uit

Beste kolwer:	Reuben du Toit 120 n.u.n.
	Juan Neveling 54 n.u.n
Beste bouler:	Luan van Eden 9 lopies vir 3 paaltjies
	Fairland wen met 169 lopies teen Dalmondeor

MINI-KRIEKET (Gr. 1- en gr. 2-leerders)

Oefentye

Maandae: 13:30 – 14:30

Dinsdae: 13:00 – 14:30

Onthou om sonblok aan te smeer en bring 'n kolf, tennisbal en koue water saam.

Sien julle voor die krieketnette!

Juf. Estelle

Voorlopige krieketbepalings

Neem asb. kennis dat onderstaande kan verander weens omstandighede buite ons beheer en briewe met korrekte inligting sal per hand aan spelers gegee word.

1ste span	:	2 November	Finaal
2de span	:	2 November	Finaal
o/11A	:	29 Oktober	Semi-finaal
		5 November	Finaal
o/10A	:	4 November	Finaal

TENNIS

Seniorseuns:

Seniorseuns A-span verloor teen TrinityHouse Randpark

Seniorseuns B-span wen 46-35 teen King David Victory Park

Seniortennis: Wedstrydbepalings

Neem asb. kennis dat daar datums gaan wees wat verander.

Seniorseuns A

Donderdag 29 Okt.	Crawford Sandton	(tuis)

Seniorseuns B

Donderdag 29 Okt.	Trinity	(weg)

Juniortennis - Dogters

Uitslae van eerste rondomtalie – 2015/2016

1. Maria	32
2. Euané	31
3. Jeanne-Marie	27
4. Isabella	27
5. Jana	23
6. Miike	20
7. Megan	16
8. Leah	16
9. Ané	14
10. Kiara R	9
11. Chloë	9
12. Jana	8

Slegs die top 9 leerders op die lys hierbo sal aan die 2de rondomtalie deelneem. Die gemiddeld van die twee rondomtalies word uitgewerk en leerders word dan volgens hulle wenpotte op die rangleer geplaas. Kara Schreuder sal ook aan die tweede rondomtalie deelneem (mediese sertifikaat is ingedien). 'n Datum en briefie vir die tweede rondomtalie sal op 'n verdere stadium aan u deurgegee word.

Rondomtalie – Seuns

Daar is nog geen beskikbare datum vir wanneer die seuns hulle rondomtalie gaan voltooi nie. Sodra 'n geskikte datum beskikbaar is, sal u in kennis gestel word.

Lizahn le Roux

Tennisafrigting: gr. 1- en gr. 2-leerders

Indien daar enige belangstelling is, kontak asb. vir Philip Lawson (082 079-8531).

Oefentye

Dinsdae: 13:40 - 15:40

Donderdae: 14:10 - 15:10 (wedstryde word ook op Donderdae gespeel)

LANDLOOP

Die landloop word vervang deur middelafstande.

ATLETIEK

Die atletiekoefeninge vir die 4de kwartaal is nou afgehandel. Leerders moet nou voorberei vir die eksamen.

Daar is 'n atletiekoefenprogram beskikbaar op die School Communicator.

Rugbyvaardighede

Rugbyvaardighede is ook nou afgehandel vir die jaar.

Johan Kamper

INLIGTINGSENTRUM

TOEKENNINGSGELEENTHEDE GR. 4 TOT GR. 7

Die toekenningsgeleenthede is geskoei op die uitgangspunt dat prestasies wat binne skoolverband deur leerders behaal is in 2015 erken word. Derhalwe word sekere van die gr. 4- tot gr. 6-leerders uitgenooi om die sport- en kultuurtoekenningsaande by te woon. Toekennings is aan die hand van Laerskool Fairland se norm gemaak. Die norm is op ons webtuiste: www.lsfairland.co.za onder afdeling "reëls" te besigtig. Betrokke leerders wat vanjaar na toekenningsgeleenthede genooi word, sal in volgende week hulle uitnodigings ontvang.

Die akademiese prysuitdeling van huidige gr. 4- tot gr.6-leerders sal aan die begin van die daaropvolgende jaar geskied sodat akademiese prestasie oor al 4 die kwartale (promosiepunt) in ag geneem kan word.

Gr.7 se toekenningsgeleentheid vind in November plaas waartydens akademiese-, sport- en kultuur-toekennings gemaak sal word. Alle gr. 7-leerders word versoek om die geleentheid by te woon.

Vanjaar se toekenningsgeleenthede geskied soos volg:

Gr. 4 – gr. 5	Maandag 9 November om 17:00
Gr. 6	Maandag 9 November om 19:00
Gr. 7	Dinsdag 10 November om 18:30

Met verwysing na 'n e-pos wat uitgestuur is na alle ouers (gr. 4 tot gr. 7) en beriggewing op die School Communicator, wil ons net die volgende weer onder u aandag bring:

Volgens die norm van Laerskool Fairland sal daar tydens toekenningsgeleenthede slegs melding gemaak word van die hoogste/beste prestasie wat 'n leerder in 'n sportsoort of kultuuritem buite skoolverband behaal het gedurende die betrokke jaar. U was reeds versoek om sodanige bewyse in die vorm van oorspronklike sertifikate in te handig in die kantoor of direk by juf. Leanie Taljaard in die inligtingsentrum voor/op Vrydag 23 Oktober. Geen medaljes of trofeë moet hiermee saam ingehandig word nie. Sertifikaat moet vergesel wees van 'n kort beskrywing wat nodige inligting (bv. ouderdomsgroep/gewigsgroep/dissipline ensovoorts) bevat, asook datum en plek van byeenkoms waar toekenning verwerf is. As daar nog enige uitstaande versoeke is, moet dit voor/op Woensdag 4 November direk by juf. Leanie Taljaard ingehandig word.

SPORT- EN KULTUURPRYSUITDELING 2015

Alle sport- en kultuurtrofeë moet asseblief teruggebring word voor/op 23 Oktober. Maak asseblief seker dat die gravering ook op datum is. Gravering is as volg: 2014 gevolg deur Naam en Van van die leerder.

Baie dankie!

Leanie Taljaard

ALGEMEEN

VERE-KAS

Tye

	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
Oggend	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40	07:10-07:40
Middag	13:30-14:00	13:00-13:30	13:00-13:30	13:30-14:00	Gesluit

Lillian Ankersmit
082 324-5034

DIE GREYSON-FAMILIE Sê DANKIE!

Onsaglik dankie vir Fairland Laerskool en VVF platforms, vir julle vertroue in Keanan en liefde en onvoorwaardelike ondersteuning.

Die erkenning vanoggend aan Keanan was so spesiaal en dra net by tot een amazing ervaring van groot omgee harte van Fairland Laerskool. Ons breebors trots spreek boekdele en alle eer aan ons God.

Die Greyson-familie

VAKATURE

Tweede addisionele taal: Isizulu vir gr. 1-2016. Daar is 'n vakature vir 'n gekwalifiseerde onderwyseres wat isiZulu baie goed kan praat, lees en skryf. Hierdie is 'n fleksiepos, slegs 12 periodes per week. Stuur asb.CV aan karen@lsfairland.co.za. Sluitingsdatum is 6 November 2015 om 12:00.

Toediening van medikasie Gr. 1 tot Gr. 3

Indien 'n leerder ongesteld is en medikasie by die skool moet drink, moet u asb. die medikasie met duidelike voorskrif van die toediening aan die klasonderwyseres stuur.

10 Steps before Ritalin

'n Aantal van ons personeel het verlede kwartaal 'n baie insiggewende praatjie van dr. Hein Badenhorst bygewoon. Sy onderwerp was, "10 Steps before Ritalin". Ons deel graag hierdie 10 stappe met u oor die volgende 10 weke:

Stap 10: Metilering (Methylation)

Indien al die bogenoemde stappe gevolg is en u steeds bekommerd is oor u kind, nader gerus 'n kundige persoon of kontak juf. Marilet vir verdere inligting.

Onthou: Deur slegs 'n paar dinge in 'n kind met ADHD se lewe te verander, kan hul floreer in die skoolomgewing.

STERRE VAN DIE WEEK:

Gr. 1/18	Luan Moolman	Gr. 1/22	Aiden Fourie
Gr. 1/24	Keane Avis	Gr. 1/25	Christiaan Campher
Gr. 1/26	Xander van Wyk	Gr. 1/27	Sebastian Bowman
Gr. 2/14	Johané Vorster	Gr. 215	Emma Groeneveld
Gr. 2/16	Luan Espach	Gr. 2/17	Rudolph Lategan
Gr. 2/21	Pirrow Schoeman	Gr. 2/23	Genevieve Parry
Gr. 3/12	Adriaan Lategan	Gr. 3/13	Maryke Hauptfleisch
Gr. 3/28	Chené van Vuuren	Gr. 3/29	Hannes Alberts
Gr. 3/45	Chandré v.d. Merwe	Gr. 3/46	Jana Theron

GOEIE GEDRAG- KNOPIES

Gr. 3/28: Chloë Vos	Gr. 4/48: Carla Boshoff
Gr. 4/48: Juan van der Merwe	Gr. 4/49: Deandra Viljoen
Gr. 4/52: Katje Herselman	Gr. 4/52: Kiara Prall

SPORT BUITE SKOOLVERBAND

SPORT

SWEM

Fairland eindig algeheel 3de uit 7 skole by die Montrose Swemgala. Die volgende swemgala vind Vrydag 30 Oktober by Montrose Primary plaas.

PERDESPORT

Rheinard Ferreira, gr. 6, het deelgeneem aan die Battle of the Giants – uithourit. Rheinard en sy Arabierperd, Heimdahl Cavalheiro, het op 26 September 2015 die "Battle of the Giants" uithourit van 80 km, te Leandra in Mpumalanga, voltooi. Rheinard was die derde ruiter in sy afdeling (kinders van 10 tot 14 jaar in die 80 km trapleer) wat die afstand voltooi het in 'n totale rytyd van 5 uur 52 minute.

MUSIEK

Cara Oosthuizen (gr. 2) verwerf 'n merietesertifikaat vir buitengewone prestasie in musiek aan die Hoërskool Florida se Musieksentrum vir klavier, blokfluit, musiekteorie asook twee trofeës vir klavier en blokfluit. Sy is ook een van die Top 20 studente.

Mart-Leen Oosthuizen (gr. 6) verwerf ook 'n merietesertifikaat vir buitengewone prestasie by dieselfde instansie vir klarinet, klavier, musiekteorie asook drie trofeë vir klarinet, klavier en ook die trofee vir die hoogste prestasie in musiekteorie, gr. 2. Sy is ook een van die Top 20 studente.

BALLET

Marlené van Niekerk (gr. 1) verwerf 'n sertifikaat vir eerste plek vir balletitem by Roodepoort Dance Festival.

DANSE

Michél Croucamp (gr. 6) verwerf sewe eerste plekke vir haar ballet en Spaanse danse by die Roodepoort Dance Festival. Sy verwerf ook dietoekenning vir: Beste Spaanse solo-uitvoering, asook die Beste Spaanse amateurdanser.

REDENAARS

Lize-li Smit, Kyla Saayman en Mathilda Steyn het deelgeneem aan die Kans!vatter Sprekersvaardighede- en Redenaarskompetisie in September. Kyla, Lize-li en Mathilda verwerf almal silwersertifikate vir hul onvoorbereide toesprake. Welgedaan!

JUDO

Eric Beyl het op 3 Oktober aan die SA Skole JudoKampioenskap deelgeneem in die o/24 kg gewigsgroep. Hulle was 'n groot groep en hy het na 'n paar harde gevegte deurgedring na die finale rondte waar hy teen 'n judoka van KZN geveg het. Hy het sy finale geveg met net 7 sekondes van die geveg oor, met 'n gooi gewen om die goue medalje te verower. Baie geluk, Eric!

15th World Gymnaestrada - Helsinki, Finland 12-18 Julie

Die World Gymnaestrada word elke 4 jaar gehou. Daar was vanjaar meer as 21 000 gimnaste van 53 lande wat hieraan deelgeneem het. Daniéle van der Merwe en Tina-Mari Meyer het in Julie vir die SA-span deelgeneem in die Olimpiese arena in Helsinski, terwyl Suid-Afrika se nasionale lied gespeel het. Verskillende lande kry geleentheid om hul lande van afkoms voor te stel. Die SA-span het 'n uurlange optrede aangebied met die tema:

"We are Africa!" om ons diverse Suid-Afrikaanse kultuur uit te beeld.

Dié optrede open met 'n dramatiese stuk genaamd, "Save the Rhinos", wat die gehoor op hulle voete gehad het.

Die hoogtepunt van die week is die Gala-aand wat aan die einde van die week gehou word. Twintig lande word uit die 53 lande gekies om deel te wees van hierdie vertoning. Daniele en Tina was baie bevoorreg om deel te wees van die groep elite gimnaste van Gauteng wat gekies is om hieraan deel te neem. Die Suid-Afrikaners wat die belewenis meegemaak het, se harte het geswel van trots.

Dit was pikdonker in die arena toe die gimnaste verskyn het…….. die musiek het begin, ligte het aangekom en hulle het begin met 'n vertoning wat almal se asems weggeslaan het. In hulle eg tradisionele Ndebele- kostuums en -grimering stel hulle nie teleur nie. Meer as 30 000 mense klap hande en juig hulle toe. 'n Ware hoedervleis-oomblik!

Die twee meisies was ware ambassadeurs van Suid-Afrika. Welgedaan! Laerskool Fairland is baie trots op julle!

KEANAN KLIM KILIMANJARO (Soos vertel deur Keanan op Maandag 26/10/2015)

'n Paar maande gelede het ek julle van ons droom vertel…om Kilimanjaro te klim, nie net vir onsself nie, maar ook vir Vriende van Fairland….en…. ons droom het waar geword!

Op 4 Oktober 08:30 die oggend was ons op die kruin van Kilimanjaro – Die Dak van Afrika! 'n Epiese tog wat ek vir altyd sal onthou! Die roete het begin in die mooiste reënwoud aan die voet van die berg, met reuse bome en varings .Ons was opgewonde en reg om te laat waai... maar die gidse het ons gou-gou gebriek!

"Pole! Pole!"("Stadig! Stadig!") Ons moet stadig, want as ons toe te vining gestap het, sou ons probleme kry om gewoond te raak aan die hoogtes. Ons het gou aan die daaglikse roetine gewoond geraak. Die dag het begin met Milo in die tent, dan 'n klein bakkie waswater, oppak, ontbyt eet, rugsak vat en stap.

Daar was nie toilette of badkamers nie, net 'n blou tentjie – ons Internet Café, met 'n Port Pottie in. EISH!

Elke dag het ons vir omtrent 7-8 ure gestap. Die dae was lank en swaar. Die klim van Barranco Wall was omtrent 'n challenge… 'n steil rots van 300m wat jy soos 'n bobbejaan moet uitklim. Van onderaf het dit scary gelyk, hoor! Maar Raymond het gese :"Don't trust your eyes!"

En toe ons eers begin klim en klouter, was dit nogal pret, al het dit ons amper 3 ure gevat tot by Barafu Camp. Ek dink die Mad Max movies is hier gemaak, net rots en lawaklip. Toe hulle ons teen 11:30 die nag wakker maak, het dit gevoel of ek net vir 20min. geslaap het, maar die beste – die storm was verby, die hemel was vol sterre en die maan het helder geskyn. Om 12:30 het ons begin klim -1500m het vir ons voorgelê. Op, op, op zig zag,-zig zag….

Stap, rus bietjie, stap gou weer, want dis so koud - as jy lank stil staan, vries jy of raak jy aan die slaap.. Dit was -16grade en die wind het sterk begin waai. My hande en voete wou afvries ten spyte van my dik handskoene! Van die nag kan ek nie veel onthou nie, behalwe dat die gidse aaneen vir ons gesing het. Ons elkeen het maar sy eie berg geklim… Die laaste 150 m op, al langs die gletser, was heel okei en toe sien ek die bord wat sê:

Uhuru Peak 5895 m! Ons het dit gemaak! Ons was op die hoogste punt in Afrika, saam met my oupa en ouma! Almal het mekaar uitbundig gelukgewens, foto's geneem, gesing en gedans! What a birthday!

Dit het gevoel of die pad net nooit ophou nie, maar ons was uitbundig bly toe ons uiteindelik daar aankom! Team Kilimanjaro, JUST DONE IT!

Julle sal nou vra: "Wat het ek hieruit geleer?" Eerstens, as jy 'n droom het – jaag dit na! Ons is tot baie meer in staat as wat ons dink. Baie dae het ek gedink ons gaan dit nie maak nie, maar aanhouer wen!

Ek is baie bevoorreg en dankbaar dat ek die geleentheid gehad het om my droom te laat waar word en dat my droom 'n verskil kon maak in ander kinders se lewens.

Baie dankie aan almal wat in my droom geglo het en vir al julle ondersteuning – dit het my laat aanhou! Dit was great om die banier vir Vriende van Fairland met ons skool se wapen, op die kruin te kon vashou!

Aan die bestuur van Vriende van Fairland… – veral Tannie Dalene, Oom Samuel en juf. Leanie – Baie dankie dat julle saam opgewonde was oor my droom en vir al die hulp en ondersteuning met die fondsinsameling.

Dankie juf. Charmaine en Oom Riaan vir julle hulp met die foto's.

Aan elkeen van julle wat 'n donasie gemaak het en vir die borge, baie dankie – julle bydraes maak 'n groot verskil in ander se lewens.

Ek sluit af met die volgende:

"Every great dream begins with a dreamer.

You have within you the strength to reach for the stars and to change the world."

Onthou: JUST DO IT!

Keanan Greyson

ADVERTENSIES

RESONANZE PROJECT MUSIEKSKOOL : BERARIO-ONTSPANNINGSENTRUM

DIS LENTE - KOM VUL DIE ATMOSFEER MET MUSIEK!

Resonanze Project Musiekskool bied lesse in klavier, sang, viool, kitaar, dromme en musiekprogrammering aan vir jonk en oud!

Skakel Anthea, 081 351 7491, info@musicteach.co.za.

WISKUNDE-KLASSE

In Berario: Kontak Heidi 0823787978

EKSTRAKLASSE: WISKUNDE EN ENGELS

Ekstraklasse asook eksamen- en toetsvoorbereiding. Geleë naby Laerskool Fairland. Gekwalifiseerde onderwyseres (gee ook klas by Laerskool Fairland). Klein groepe. Kontak Lindsay vir meer inligting 072 420-2955.

OP SOEK NA ONTVANGSDAME

Ek soek 'n ontvangsdame vir 16 uur per week. Sy moet Afr/Eng kan lees, skryf en praat. Goeie rekenaarvaardighede, insluitende Powerpoint, is noodsaaklik. Eie vervoer is noodsaaklik . Eerlikheid en betroubaarheid is nie onderhandelbaar nie. 'n Goeie gesonde voorkoms en stem noodsaaklik. Skakel Dr. Cecile 0834613993 en stuur cv na info@drcecile.co.za.

TE KOOP

Ruim 3-slaapkamer enkelverdieping meenthuis met groot tuin in Northcliff Uitbr. 4 (sien "Property 24" webwerf verwysing No: P24-10323697). Skakel - Leon Bezuidenhout : 082 903 7761

HUIS EN DIERE - OPPASSER

Ek versorg jou huis en diere terwyl jy met vakansie gaan. 10 jaar ondervinding. Uitstekende verwysings beskikbaar. Bespreek betyds vir Desembervakansie. Kontak Anna 082 211-2862

FISIOTERAPEUT

Fisioterapeut in 8th Avenue, Fairland. Ek fokus op rug- en nekprobleme; sportbeserings; posturale rehabilitasie en longfisioterapie. Privaat- en groepklasse in pilates. Kontak Terri-Anne Boers 0725398386 of taboersphysio@gmail.com.

HONDE TE KOOP

Pragtige, opregte room- en swartkleurige Labrador hondjies te koop. Hulle is klaar ontwurm en ingeënt. Koste is R2 000 elk. Kontak vir Maritza Rothmann op 082 563 6995 vir meer inligting.

RAWSON
Properties
TEL: 011 678 5725
275 Pendoring Road | Northcliff
jan.vb@rawson.co.za
www.rawson.co.za

www.easycheesy.co.za

Die perfekte Kersgeskenk

easy cheesy
grated cheese tongs

Kaastang

Kaastang & keramiek bakkie

Kaastang, bakkie & reghoekige hout bord

Kaastang, bakkie & ronde hout bord

grated cheese tongs – the easiest way to pick up grated cheese

Vir meer inligting of bestellings kontak Elodi by 082 566 8119 of info@easycheesy.co.za

EAT BIT
Eat A Bit Kersmark
Willsonstraat 231 Fairland
Datum :30 Okt 2015
Tyd : 09.00 - 18.00
Demo met Mareli Visser
Koekedoor Wenner
Tyd : 11.00-12.00
Navrae kontak Nini 082 331 4224
KOEKEDOOR